MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

26 October 2009

CDA geskok oor Zuma se Malema-uitlating

"Ons doen 'n dringende beroep op pres. Jacob Zuma om sy uitlatings dat die heethoofdige Julius Malema 'n geskikte toekomstige leier van die ANC sal wees, terug te trek.

"Ons het begrip daarvoor dat Zuma die uitlatings in Malema se tuisdorp gemaak het en vir die ore van die teenwoordiges bedoel is, maar Zuma behoort teen hierdie tyd te weet dat die tegnologie 'n heel ander situasie skep as in die dae toe dit as goeie hoofmanskap beskou is om saans in die kraal van familievuurtjie na familievuurtjie te beweeg, en by elk te vertel wat die mense graag wil hoor. Nou berig die media landswyd oor wat by die vuurtjie gesê word en dit skep 'n gans ander scenario," sê ds. Theunis Botha, ondervoorsitter van die Christen-Demokratiese Alliansie.

"Wat baie mense nou in die nuus lees is dat Zuma 'n losbekkige persoon se voortdurende opsweep van rassespanning en rassisme kondoneer en as kroonprins aanwys. Trouens, dit doen oneindig skade aan die land se buitelandse beeld, veral omdat die uitrafeling van debakel met die Caster Semeya-aangeleentheid ook grootliks op Malema se brood gesmeer kan word.

"Dit werk nie meer om uit dieselfde mond Malema se uitsprake as niksseggende bogpratery af te maak, en dan weer Malema se kwaliteite op te hemel nie. Die land en die land se polariserende gemeenskap het hierdie soort opmerkings van die president net so nodig soos strigniendrankies."

CDA shocked by Zuma's Malema remarks

"We urgently call on Pres. Jacob Zuma to retract his remarks presenting the hot headed Julius Malama as a well suited future leader of the ANC.

"We note that the remarks were made in Malema's home town and that they were intended for the ears of those being addressed. Zuma should however by now, understand that technology creates a completely different environment than in the days when it was regarded as good chieftainship for the headman to move from family fire to family fire in his kraal, and at each fire telling those present what they wanted to hear. Now the media reports on a country wide basis what was said at these fires, and creates a totally different scenario," says Christian Democratic Alliance (CDA) deputy chair, Rev. Theunis Botha.

"What many people now read in the press is that Zuma is endorsing a hot headed person who consistantly fans the fires of racism thus creating racial tensions. This, crowning Malema as crown prince, will do incredible harm to South Africa's image abroad with the eyes of the world already on him for his involvement in the the Caster Semenya debacle.

"One can not with the same mouth downplay Malema's remarks as irrelevant noises, only to follow this up by praising his so called qualities. The country and the ever increasingly polarised communities have no need for such remarks from the president."